Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2013

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (30) |

2. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | ongeveer 50 minute |
| AFDELING B: | ongeveer 25 minute |
| AFDELING C: | ongeveer 45 minute |

3. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

4. Beantwoorde AL die vrae.

5. Begin ELKE afdeling op ŉ nuwe bladsy.

6. Trek ŉ streep ná elke afdeling voltooi is.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL, ADVERTENSIE EN STROKIESPRENT

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS 1**

### MY HARTJIE, MY LIEFIE – LEES MY BOODSKAP

1. Internet-romanse is sosiaal aanvaarbaar en word lankal nie meer as die laaste toevlugsoord van bleeksiele en wanaangepastes beskou nie. Hoewel aanlyn-vlerksleep meer toeganklik en minder stresvol as toeoogafsprake is, loop ons die gevaar om kontak met die regte wêreld te verloor skryf RYAN DUGGINS.

2. MILJOENE intekenare, derduisende foto’s en ’n magdom webwerwe waaruit jy kan kies – webwerwe wat alte lekker rondspeel met die klomp geld wat hulle van intekenare kry.

3. Dit lyk of die wêreld van aanlynflikflooi flink vooruit boer, met mans en vroue wat ewe gretig die profielbladsye invul. Hulle deins nie terug van hierdie opwindende internet-wonder nie waar mense mekaar ontmoet, gesels, ogies maak, stories uitruil en in die gemak van hul eie huis mekaar beter leer ken.

4. Maar hoewel die toetrede tot internet-romanse dalk vir jou na ’n dapper stap lyk, bevestig hierdie manier van kontak net een ding: Dat die persoon nie eintlik daarin belangstel om regtig, in lewende lywe, ’n gesprek aan te knoop met iemand wat hulle nie ken nie.

5. Alle romanse-webwerwe berus op dieselfde basiese beginsel. Dit is ’n sosiale platform met die uitsluitlike doel om mense bymekaar uit te bring, ’n plaasvervanger vir die oënskynlik moeisame pogings wat jy moet aanwend om iemand te ontmoet en ’n verhouding aan te knoop.

6. Hierdie webwerwe bemark hulself as ’n ridder op ’n wit perd wat jou van jou trauma sal verlos, en jou uit jou eensame slaapkamer sal wegvoer na ’n wêreld vol mense wat net soos jy dink en voel.

7. Wat het dan geword van die opwinding wat ons beleef het toe ons daardie spesiale iemand ontmoet het? Het ons in die digitale era só afgestomp geraak dat ons dink ons móét alles aanlyn doen bloot omdat ons kan?

8. In 2012 begin dit lyk of die een ding wat ons beslis nié wil doen nie, is om mense in lewende lywe te ontmoet en hulle gaandeweg beter te leer ken met die oog op ’n verhouding.

9. Wat almal blykbaar vergeet het, is dat ons wel elke dag nuwe mense ontmoet – van die openbare vervoer op pad werk toe tot die gesellighede ná werk.

10. Die romantiese moontlikhede is daar, maar die meeste mense vermy oogkontak en bemoei hulle met hul eie sake. En dan kla hulle almal werk te hard en is te besig om iemand spesiaal te ontmoet!

11. Die ry in die koffiewinkel, die propvol trein of bus op pad huis toe, die klerewinkel, die bank – al hierdie plekke bied moontlikhede vir ’n vervullende gesprek met iemand wat jy van geen adamskant af ken nie.

12. Maar sal ’n mens so iets waag? Natuurlik nie, netnou dink die ander persoon jy is voor op die wa. Waarom sou mense so dink? Waarom sou ons hierdie een feit bevraagteken, want in die lig van die toename in aanlyn-webwerwe maak dit tog glad nie sin nie.

13. Almal hou daarvan as iemand met hulle gesels, veral as dit iemand is wat in hulle belangstel en hulle aantreklik vind. ’n Dag kan byvoorbeeld ’n absolute hoogtepunt wees – al het dit nog skaars begin – wanneer iemand wat pas by jou verbygeloop het, twee keer kyk en vir jou glimlag.

14. Ons hou van daardie elektriese skokke wanneer iemand wat ons vir die eerste keer ontmoet, in ons belangstel en ’n geselsie aanknoop.

15. As dit die geval is, begin ’n mens wonder waarom mense digitale uitlaatkleppe nodig het wat hierdie gevoelens ondermyn. En dit veroorsaak dat hulle sommer op ’n ete-afspraak gaan met iemand wat hulle op die internet leer ken het – en eintlik nog glad nie ken nie.

16. Dit klink dalk oudmodies, maar wil ons regtig soveel moontlik van iemand weet voor ’n eerste afspraak? En belangriker: Ontneem mense nie hulself van daardie opwinding om iemand se voor- en afkeure te “lees” voordat ons hulle reguit daaroor uitvra nie?

17. Dit wil voorkom of mense deesdae gemak en gerief bo alles stel. Ons is voorstanders van alles wat dit makliker maak om iets in die hande te kry wat gewoonlik moeite sou verg, selfs as dit emosionele verbintenisse behels.

[Uit *NuusNou*, 19 April 2012]

1.1 Watter misverstand het internet-romanse uit die weg geruim? (2)

1.2 Die skrywer stel ’n voorwaarde vir diegene wat op webwerwe wil rondspeel/eksperimenteer. Noem dit. (1)

1.3 Wat is die hoofgedagte van paragraaf 3? (1)

1.4 Lig EEN voordeel en nadeel van ’n internet-romanse uit. (2)

1.5 Bespreek na aanleiding van paragraaf 5 of internet-romanse ’n goeie plaasvervanger vir die ware jakob is. (2)

1.6 Wat suggereer die woorde *’n ridder op ’n wit perd* ten opsigte van internet-romanse? Gee jou mening oor die effektiwiteit van hierdie woordkeuse. (3)

1.7 Lees paragraaf 7 weer.

Hoe voel die skrywer oor die hele digitale era? (1)

1.8 Watter woordgroep in paragraaf 8 kontrasteer met die inhoud van paragraaf 7? (1)

1.9 Almal vergeet blykbaar dat 'n mens elke dag nuwe mense ontmoet. (paragraaf 9).

Is dié stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord met 'n woord uit paragraaf 8. (2)

1.10 Hoe dink jy, waarvan kan die mens wat hom met sy eie sake bemoei, beskuldig word? (paragraaf 10) (1)

1.11 Wat suggereer die woorde *'n vervullende gesprek met iemand wat jy van geen adamskant af ken nie* ten opsigte van romanse? Gee jou mening oor die geslaagdheid van hierdie woordkeuse. (3)

1.12 Wat, volgens paragraaf 13, is vir alle mense lekker? Noem TWEE dinge. (2)

1.13 Waaroor wonder die skrywer in paragraaf 15? (2)

1.14 Verduidelik na aanleiding van paragraaf 16 wat die moderne siening oor verhoudings behels. (2)

1.15 Watter aanklag word in paragraaf 17 teenoor die moderne mens gemaak? (1)

**TEKS 2**



Sy klink te oulik vir woorde, maar mense skep dikwels aanlyn-profiele wat verskil van wie hulle regtig is.

[Uit: *NuusNou*, 19 April 2012]

1.16 Watter afleiding rakende bleeksiele maak jy na aanleiding van die visuele voorstelling? (1)

1.17 Waarom kan dié voorstelling as seksisties beskou word? (1)

1.18 Verduidelik hoe dié voorstelling ironies is in die lig van die inhoud van paragraaf 14? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van VIER tegnieke wat boelies gebruik om hul magsposisie te bewerkstellig, asook DRIE ondersteuningstegnieke om slagoffers van boelies te help.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) puntsgewys of in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 80 woorde beslaan nie.
- Dis nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**BOELIERY: GROOT PROBLEEM IN S.A.**

1. Nuwe voorvalle van meisies wat mekaar afknou, verneder, slaan en skop het weer die groeiende probleem van boelies in skole aan die lig gebring.

2. Twee gevalle in Bloemfontein waar meisies mekaar boelie en aanrand in bekende skole het skokgolwe deur die gemeenskap gestuur. Die meisies het mekaar getrap, geslaan, mekaar se hare getrek en in die een voorval is die een meisie se bril stukkend gegooi. Die slagoffers is op die grond gegooi, verneder en vertrap.

3. ŉ Opname deur die maatskappy Pondering Panda het vandeesweek bekend gemaak die probleem van afknouery is deur kinders self as een van die ergste probleme in skole in Suid-Afrika uitgewys. Kinders tussen die ouderdom van 13 en 14 jaar word die meeste deur afknouery in Suid-Afrikaanse skole geraak. Sowat 25% skoolkinders tussen die ouderdom van 15 en 17 jaar word ook deur boelies afgeknou. Die opname het getoon die meeste Indiërs (52%) beskou afknouery in skole as ŉ ernstige probleem, gevolg deur wit (40%), bruin (35%) en swart Suid-Afrikaners (26%). Ouers is veral bekommerd oor die toename in afknouery onder skoolmeisies – selfs op laerskool. Die sogenaamde "koel meisies" bepaal wie vriende mag wees.

4. Leoni Moolman, ŉ sielkundige in Bloemfontein, sê daar is verskeie vorms van boeliery, waarvan sommige soorte meer direk is en ander vorms meer subtiel. Volgens Moolman is daar altyd ŉ oortreder en ŉ slagoffer betrokke en die situasie kan hom op verskeie maniere ontvou.

5. "Die oortreder wil gewoonlik in ŉ magsposisie wees en kan ŉ verskeidenheid van tegnieke gebruik om dit te bewerkstellig". Die volgende is die mees algemene vorms van boeliery: Fisieke mishandeling: slaan, stamp, skop, pootjie; Verbale mishandeling: neerhalende en vernederende opmerkings, dreigemente, ŉ gevloek; Sosiale of verhoudingsmishandeling: waar groepe kinders ŉ bepaalde slagoffer uitsluit, waar ŉ individu ander kinders manipuleer om die slagoffer te verwerp, om ŉ persoon te ignoreer, vals stories van iemand versprei; Kuberboeliery: vernedering via die internet (e-posse, *Facebook, Mxit, Twitter* ens) en/of selfone.

6. Die departement van onderwys het aan skole in die Vrystaat opdrag gegee om ŉ program teen boelies in elke skool te vestig.

7. Moolman sê die eerste stap om slagoffers te ondersteun, is om seker te maak die kind praat met iemand.

8. “Verbreek die stilte en gee aandag aan die kind se emosies. Die volgende stap is om onmiddellik in te tree en die boelies vanuit ŉ gesagsposisie te stop.”

9. Sy raai ouers af om met die boelie se ouers te gaan praat, aangesien hulle waarskynlik nie rasioneel gaan optree nie.

10. “Baie van die boelies leer dan juis hul aggressiewe of manipulerende gedrag tuis.”

[Aangepas uit *Volksblad*, 8 Desember 2012]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: STROKIESPRENT EN WENKE

Lees die onderstaande tekse en beantwoord die daaropvolgende vrae.




3.1 Watter konnotasie word aan *Besit 'n legende* in die opskrif geheg? (1)

3.2 Skryf in die toevoegende wyse sodat dit 'n moontlikheid of wens aandui.
ATKV-Goudini Spa bied nou 'n unieke geleentheid. (1)

3.3 Waarom kan die advertensie as beperkend beskou word? (1)

3.4 Dink jy die visuele prikkel ondersteun die inhoud van die advertensie? Motiveer kortliks. (1)

3.5 Identifiseer die woord wat verkeerd gespel is en skryf die woord korrek oor. (1)

3.6 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die onderstreepte gedeelte in paragraaf 2 is ’n ...

A byvoeglike bepaling.
B byvoeglike bysin.
C bywoordelike bysin.
D bywoordelike bepaling.

3.7 Skryf die antoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 3 neer. (1)

3.8 Gebruik die bepaler van die samestelling *lokaalhuur* om jou eie samestelling te vorm waar dit nou die kern van die samestelling is. (1)

3.9 Lei ’n byvoeglike naamwoord van die onderstreepte woord in die opskrif af. (1)

3.10 Waarvoor staan die afkorting *ATKV*? (1)

**[10]**

## VRAAG 4

Lees die rubriek hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### KRUIP JY OOK AGTER JOU FOON WEG?

1. Hoe beïnvloed tegnologie ons lewens? Wat maak ons met hierdie wonderlike toestelle wat ons almal het? Woensdagoggend sien ek, heel per toeval, die voorblad van die *New York Post.*

2. 'n Moltrein kom die treinstasie binne – op die spoor probeer 'n man, nadat hy daar ingestamp is, weer na veiligheid kom.

3. Die wêreld is in oproer oor dié voorblad. Ek ook. Van my kollegas het my sentiment gedeel, die ander was veels te besig om ernstig oor die saak te kon dink.

4. 'n Vryskut-fotograaf wat vir die *NY Post* foto's neem, neem toe hierdie foto van die trein wat op pad is om 'n Chinese man <u>te pletter te ry</u>. Die koerant <u>publiseer</u> dit volblad-voorblad met die opskrif "Doomed".

5. Ek het gemengde gevoelens. Dit is 'n treffende voorblad. Terselfdertyd is ek bogemiddeld ontstel, omdat niemand die man gehelp het nie.

6. Wat sou ek doen? Ek <u>glo</u> dat ek die man sou help, maar waarskynlik omdat ek nooit 'n kamera by my dra nie.

7. Ek vermoed as ek op die platform gewag het, as 'n New Yorkse inwoner, sou ek nie vreeslik aandag geskenk het aan die onderonsie wat daar plaasgevind het nie. Ek sou waarskynlik na musiek op my iPhone geluister het en op Twitter gekyk het wat in die wêreld aangaan – minwetend dat waar ek is, die volgende dag hoofnuus sou wees.

8. Ek vermoed dit was die geval vir die meerderheid van die mense daar. 'n Mens kan seker ure lank hieroor sit en praat en die menings gáán verskil.

9. Is jy nie medepligtig aan moord as jy staan en toekyk hoe iemand doodgaan nie? Daar was blykbaar 'n goeie deel van 30 – 45 sekondes om die man te help. Hoekom het húlle nie gehelp nie?

10. Sien, ons almal wag dat iemand anders moet oorgaan tot aksie. En as ons nie wag vir iemand om dit te doen nie, kruip ons agter ons selfone, iPads en wat nog vir die wêreld en sy probleme weg.
mj@volksblad.com

[Aangepas uit *Volksblad*, 8 Desember 2012]

4.1 **won'der.lik** b.nw. en bw. **1** Soos 'n wonder: *wonderlik* getrou. **2** Eienaardig, sonderling: *'n wonderlike sameval van omstandighede. Dis wonderlik dat hy juis nou gekom het. Jou tydige hulp is amper te wonderlik om te glo.* **3** Besonder aangenaam, heerlik ens.: *Wat 'n wonderlike ete. Ek dink dis 'n wonderlike voorstel; Kom ons voer dit dadelik uit juffrou, dit was 'n wonderlike vraestel*. Hy is die wonderlikste persoon wat ek ken. Wonderlikheid.

Gebruik bostaande uittreksel uit die HAT (2000) om die vraag te beantwoord.

4.1.1 Watter betekenismoontlikheid van *wonderlik* is van toepassing in paragraaf 1? (1)

4.1.2 Gebruik *wonderlik* as 'n bywoord in 'n sin. (1)

4.1.3 Skryf die lettergreep neer waarop die meeste klem in *wonderlik* val. (1)

4.2 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

Skoolkoerante het gewoonlik 'n kleiner (voorblad) as bekende groot koerante. (1)

4.3 Verduidelik wat die onderstreepte idiomatiese uitdrukking in paragraaf 4 beteken. (1)

4.4 Lei 'n selfstandige naamwoord van die onderstreepte woord in paragraaf 4 af. (1)

4.5 Skryf 'n onvoltooide deelwoord uit paragraaf 5 neer. (1)

4.6 Gebruik die onderstreepte woord in paragraaf 6 as 'n ander woordsoort in 'n sin. (1)

4.7 Skryf die tweede getal in paragraaf 9 in woorde. (1)

4.8 Waarna verwys *dit* in die laaste paragraaf? (1)

**[10]**

## VRAAG 5

Lees die strokiesprent hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.




[Uit *Sarie*, 30 Julie 1997]

5.1 Herskryf die onderstreepte sin in raampie 1 in die verlede tyd. (1)

5.2 Skryf die onderstreepte sin in raampie 2 in die indirekte rede. (1)

5.3 Wat bedoel die pa in raampie 3 as hy sê dat sy *"getuie van 'n rooftog"* was? (1)

5.4 Skryf die voorwerp van die eerste sin in raampie 4 neer. (1)

5.5 Gee die korrekte afkorting vir ons land se polisiediens. (1)

5.6 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.6) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die polisie kom nou-nou en vra jou allerhande vrae! Dit is 'n voorbeeld van 'n ...

A enkelvoudige sin.
B saamgestelde sin.
C veelvoudige sin.
D onderskikkende sin. (1)

5.7 Benoem die laaste leesteken in raampie 5. (1)

5.8 Hoe ondersteun die pa se lyftaal sy woorde in raampie 6? (1)

5.9 Skryf die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in raampie 7 neer. (1)

5.10 Skryf die onderstreepte sin in raampie 10 in die lydende vorm. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**